LIBRARY COPY

STATISTIESE NUUSBERIG

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK
PRETORIA

Republiek van Suid-Afrika
Republic of South Africa

P.13.3

10 FEBRUARIE 1978

GROOTHANDELVERKOPE: NOVEMBER 1977

## I INLEIDING

Hierdie Nuusberig bevat die resultate van die hersiene maandelikse steekproefopname wat vanaf Januarie 1977 ingestel is. Die gegewens is gebaseer op inligting versamel van 'n steekproef van sowat 650 groothandelfirmas. Ten einde as groothandelaar geklassifiseer te word moet 'n firma meer as 50 persent van sy bruto verkoopinkomste uit die verkoop van goedere aan ander besighede en instellings verkry. Verkope aan boere van plaasbenodigdhede en uitrusting soos voer, misstowwe, saad en masjinerie word ingesluit.

Die maandelikse gegewens van die firmas word verhef om beraamde totale te bekom. Die verheffingsfaktore is gebaseer op die resultate van die 1970-71-Groothandelsensus.

Die bedrae getoon verteenwoordig netto kontant-, krediet- en huurkoopverkope.

## II STEEKPROEFONTWERP

Die 1970-71-Sensus van Groothandel het die raamwerk verskaf vir die keuse van die steekproef. 'n Gestratifiseerde sistematiese steekproefontwerp gebaseer op totale verkope is gebruik. Die verkope van die groothandelfirmas in die steekproef verteenwoordig ongeveer 71% van die verkope van alle groothandelfirmas in 1970-71. Firmas wat na die sensus begin handel dryf het is ook in aanmerking geneem. Beide werklike en seisoensuitgeskakelde syfers word getoon.

## III VERGELYKBAARHEID

Die syfers vir die ou steekproef is vir die tydperk Januarie 1966 tot Desember 1976 aangepas en aan die resultate van die nuwe steekproef gekoppel ten einde 'n vergelykbare reeks te verkry. Die gegewens vir die tydperk Januarie 1971 tot Desember 1976 is in 'n afsonderlike Statistiese Nuusberig P.13.3 op 10 November 1977 gepubliseer. Die aangepaste gegewens van die ou steekproef soos in hierdie Statistiese Nuusberig gepubliseer is nie vergelykbaar met gegewens wat tot dusver in die Bulletin van Statistiek, die tweejaarlikse publikasie "S.A. Statistieke" of Statistiese Nuusberigte gepubliseer is nie.

## IV VOORLOPIGE RAMINGS

'n Voorlopige raming van groothandelverkope word in P.13.12 gepubliseer.

STATISTICAL NEWS RELEASE

DEPARTMENT OF STATISTICS
PRETORIA

10 FEBRUARY 1978

WHOLESALE TRADE SALES: NOVEMBER 1977

SENTRALE STATISTIEKDIENS
CENTRAL STATISTICAL SERVICES
BIBLIOTEEK LIBRARY

## I INTRODUCTION

This News Release contains the results of the revised monthly sample survey which was introduced with effect from January 1977. The data are based on information collected from a sample of about 650 wholesale trading firms. In order to be classified as a wholesaler, a firm must derive more than 50 per cent of its gross sales income from sales of goods to other businesses and institutions. Sales to farmers of farm supplies and equipment such as feeds, fertilizers, seeds and machinery are included.

The monthly data collected from the firms are raised to obtain estimated totals. The raising factors are based on the results of the 1970-71 Census of Wholesale Trade.

The amounts shown represent net-cash, credit and hire-purchase sales.

## II SAMPLE DESIGN

The 1970-71 Census of Wholesale Trade provided the frame for the selection of the sample. A stratified systematic sample design based on total sales was used. The sales of the wholesale trading firms included in the sample represent approximately 71% of the sales of all wholesale trading firms in 1970-71. Firms which commenced trading after the census have also been taken into account. Both actual and seasonally adjusted figures are shown.

## III COMPARABILITY


The figures for the old sample have been adjusted for the period January 1966 to December 1976 and linked to the results of the new sample in order to obtain a comparable series. The data for the period January 1971 to December 1976 were published in a separate Statistical News Release P.13.3 on 10 November 1977. The adjusted data for the old sample as published in this Statistical News Release are not comparable to data published up to now in the Bulletin of Statistics, the biennial publication "S.A. Statistics" or Statistical News Releases.

## IV PRELIMINARY ESTIMATES

A preliminary estimate of wholesale trade sales is published in P.13.12.

V ' OPSOMMING

V SUMMARY




R milj./mill.

| Tydperk<br>Period | Gemiddelde verkope<br>Average sales | Persentasieveranderings<br>Percentage changes |
|---|---|---|
| <u>Werklik - Actual</u> | | |
| Des./Dec. 1975 - Nov. 1976 | 1 392,4 | |
| Des./Dec. 1976 - Nov. 1977 | 1 480,9 | + 6,4 |
| <u>Seisoenskommeling uitgeskakel</u><br><u>Seasonal variation eliminated</u> | | |
| Jun. - Aug. 1977 | 1 496,3 | |
| Sept. - Nov. 1977 | 1 431,1 | - 4,4 |

SEKRETARIS VAN STATISTIEK
SECRETARY FOR STATISTICS

GROOTHANDELVERKOPE VOLGENS SOORT BESIGHEID | WHOLESALE TRADE SALES BY KIND OF BUSINESS

| Soort besigheid | Verkope / Sales R Milj./Mill. | | | | | | Kind of business |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Werklik / Actual | | | Seisoenskommeling uitgeskakel / Seasonal variation eliminated | | | |
| | Nov. | Okt./Oct. | Nov. | Nov. | Okt./Oct. | Nov. | |
| | 1977 | | 1976 | 1977 | | 1976 | |
| Totaal | 1 511,1 | 1 532,2* | 1 541,3 | 1 395,3 | 1 436,0* | 1 420,1 | Total |
| Voedsel, drank en tabak | 266,8 | 247,6* | 231,2 | 256,5 | 236,0* | 222,1 | Foodstuffs, beverages and tobacco |
| Lewende hawe en produkte | 107,5 | 102,9* | 89,6 | 121,9 | 81,3* | 101,3 | Livestock and produce |
| Klerasie, skoeisel en tekstiele | 52,4 | 54,4* | 66,1 | 44,8 | 46,1* | 56,4 | Clothing, footwear and textiles |
| Meubels en huishoudelike benodigdhede | 46,7 | 39,8 | 42,8 | 38,4 | 37,6 | 35,2 | Furniture and household requisites |
| Boeke, skryfbehoeftes, kantoor- en winkeluitrusting | 41,1 | 35,9 | 38,4 | 33,2 | 33,2 | 30,9 | Books, stationery, office and shop equipment |
| Diamante, juweliers- en silwerware | 13,1 | 80,6 | 180,1 | 10,2 | 67,6 | 140,0 | Diamonds, jewellery and silverware |
| Farmaseutiese en chemiese produkte | 77,3 | 78,7* | 63,5 | 72,5 | 72,5* | 59,3 | Pharmaceutical and chemical products |
| Konstruksie en boumateriaal | 133,1 | 122,1* | 129,0 | 125,6 | 112,8* | 121,5 | Construction and building materials |
| Metale, masjinerie en algemene plaasbenodigdhede met inbegrip van professionele toerusting | 294,0 | 295,1* | 283,9 | 275,5 | 275,8* | 265,8 | Metals, machinery and general farming requisites including professional equipment |
| Diverse | 479,2 | 475,1* | 416,8 | 442,9 | 481,8* | 385,4 | Miscellaneous |

* Hersien

* Revised